

# TUISONDERWYS EN DIE WET

Verskaf deur die Pestalozzi Trust regsfonts vir tuisonderwys [www.pestalozzi.org](http://www.pestalozzi.org)

<b>Wat is tuisonderwys?</b>	<p>Tuisonderwys word in die wet omskryf as onderwys by die leerder se huis. 'n Kind wat by iemand anders se huis onderwys ontvang, ontvang nie tuisonderwys nie, en staan nie onder die beskerming wat die reg aan 'n kind in tuisonderwys bied nie. Verder is tuisonderwys onderwys binne gesinsverband, dit wil sê ma, pa, ouma, oupa of 'n ouer boetie of sussie gee die grootste persentasie van die onderwys. Tuisonderwys sluit dus die mikro-skool of "cottage school" uit.</p>
<b>Is dit wettig?</b>	<p>Ja, dit is wettig. Daar word sedert 1996 in die SA Skolewet (SASA) voorsiening gemaak vir tuisonderwys.</p>
<b>Moet ek my kind registreer by die onderwysdepartement?</b>	<p>Die verskillende opsies vir registrasie word verduidelik in hierdie brosjure behandel onder die titel: <b>Hoe kan tuisskolers aan die wet voldoen: Registrasie by die onderwysdepartement.</b></p> <p>Hierdie artikel verduidelik dat die kwessie van registrasie ongelukkig gekompliseer word deur wydlopende en onwettige regeringsinmenging.</p> <p>Daarom moet elke gesin vir hulself kies tussen die verskillende maniere waarop mens regmatiglik tuisonderwys kan beoefen - met of sonder registrasie. Lees asseblief hierdie brosjure verskeie kere aandagtig deur wanneer u u keuse uitoefen. Lede van die regsfonts vir tuisonderwys is welkom om hul besluit met die Pestalozzi Trust te bespreek.</p>
<b>Wat vereis die wet ten opsigte van kurrikulum?</b>	<p>Tuisonderwys moet volgens wet voldoen aan die minimumvereistes van die kurrikulum vir openbare skole. Die Pestalozzi Trust sal die regering se aanspraak betwis dat hierdie "minimum"-vereistes uit die volledige Kurrikulum 2005 bestaan. (Kyk die artikel hieronder oor die <b>Die Wysigingswet op Onderwyswette van 2002.</b>) Die kurrikulum is gratis van die Onderwysdepartement verkrygbaar. Die nuutste weergawe is op 31 Mei 2002 in die Staatskoerant gepubliseer.</p> <p>Kyk op die voorblad van <a href="http://www.pestalozzi.org">www.pestalozzi.org</a> vir die skakel na die Nuwe Staatskurrikulum, waarvandaan u weer 'n skakel sal kry na die kurrikulum. Bring uself op hoogte: Bestudeer die kurrikulum sowel as die wyse waarop die owerheid dit toepas voordat u instem om u kinders daarvolgens op te voed.</p>
<b>Waarom moet tuisskolers kennis neem van K2005?</b>	<p>Kurrikulum 2005 is die kurrikulum wat tuisskolers volgens onderwysdepartemente moet volg, en waarvolgens hulle hul kinders moet laat assessee, indien hulle wil registreer. Die Pestalozzi Trust sal die regsgeldigheid van hierdie vereistes namens enige lidgesin betwis.</p> <p>Selfs al kies u om nie K2005 te doen nie, moet u steeds weet wat daarin staan, om uself te kan verantwoord indien u met u keuse gekonfronteer word.</p>
<b>Waarom lid word van die Pestalozzi Trust?</b>	<p>Die Pestalozzi Trust is 'n trust vir tuisskolers, en beywer hom vir goeie onderwys. Die Trust sal in hofsake namens lidgesinne optree indien hulle deur regeringsamptenare gekonfronteer word oor hul tuisonderwys.</p> <p>Die Trust se eerste verantwoordelikheid is egter om sy lede uit die hof te hou indien enigsins moontlik. Ons bevorder hierdie doelwit op drie maniere:</p>

	<p>a) Ons bevorder beter wette en beleid oor tuisonderwys, om die kanse op konflik tussen lidgesinne en amptenare te verminder. Dit veroorsaak dat die Trust dikwels in plaas van sy lede aanvalle van die owerheid moet trotseer.</p> <p>b) Ons voorsien lidgesinne van inligting wat hulle benodig om hul regte te beskerm. Lede ontvang 'n omvattende ledepakket wat bygehou word met behulp van gereelde nuusbriewe en omsendskrywes, by wyse van pos en/of e-pos. Werkswinkels en inligtingsdae word volgens behoefte gereël.</p> <p>c) Ons ondersteun lidgesinne wat deur amptenare oor hul tuisonderwys gekonfronteer word in die vroeë fases van konflik. Hierdie hulp het ten doel om te verhoed dat konflik eskaleer tot 'n hofsaak. Om snelle reaksie in dreigende situasies moontlik te maak, voorsien ons lidgesinne van 'n 24-uur-noodnommer wat hulle kan bel as die nood druk.</p> <p><b>Onthou: Doen aansoek om lidmaatskap VOORDAT amptenare u konfronteer aangaande u tuisonderwys.</b> Die Trust oorweeg nie aansoeke van tuisskolers wat reeds met betrekking tot hul tuisonderwys in negatiewe kontak met amptenare was nie.</p>
<b>Ek soek nog inligting</b>	<p>(1) Woon een van die Trust se inligtingsdae by, waar al u vrae beantwoord word, of (2) skakel 012 330 1337 nadat u die brosjure gelees het. (3) Sluit aan by die Trust: lede van die Trust ontvang uitvoerige inligting as deel van hul ledepakket. (4) Bestel die inligtingpakket van die Trust vir uitvoerige inligting oor tuisonderwys en navorsing oor tuisonderwys.</p>

## Daar is 'n Nuwe Onderwysstelsel in Suid-Afrika en tuisonderwys is deel daarvan!

### Wat behels die nuwe onderwysstelsel?

Die laaste boustene van die nuwe stelsel vir onderwys en opleiding is gedurende 2002 ingemessel. Die Pestalozzi Trust het aanvanklike ontledings voltooi van die nuwe stelsel soos dit tans ingefaseer word.

Dit blyk dat die stelsel veral op die volgende rus:

#### **Een Nasionale Kurrikulum**

In 2001 het tienduisende besorgde burgers beswaar gemaak teen die inhoud van Asmal se kurrikulum. Sien [www.pestalozzi.org](http://www.pestalozzi.org) vir besonderhede oor die veldtog van 2001.

Sommige veranderinge is aangebring. Onder andere het die minister 'n forum geskep waar kerkleiers die minister kan adviseer.

Die kurrikulum self het egter al die totalitêre elemente en gewetensdwang behou wat dit tevore gehad het. Die intergeloofaspekte is wel verskuif uit die Leerarea vir Lewensoriëntering na die Leerarea Kuns en Kultuur.

Op skoolvlak skryf een nasionale kurrikulumstelling nou die onderwys voor in staats- en private skole sowel as vir tuisonderwys. Die Nasionale Kurrikulumstelling wat op 31 Mei 2002 in die Staatskoerant gepubliseer

is, is uitdruklik daarop gemik om die Suid-Afrikaanse samelewing te transformeer deur goedgekeurde kennis, vaardighede, waardes en houdings af te dwing (kyk die skakel op die voorblad van die Pestalozzi Trust se webblad [www.pestalozzi.org](http://www.pestalozzi.org)).

Die kurrikulum toon al die kenmerke van revolusionêre onderwyspraktyk gegrond op Marxistiese teorie soos toegepas deur navolgers van onder andere Che Guevara en Castro.

Die revolusionêre tegnieke wat gebruik word sluit die volgende in:

- **Intergeloof:** Kinders word nie net verplig om godsdienstige praktyke van ander gelowe te bestudeer nie. Hulle word ook verplig om (in die Leerarea Kuns en Kultuur) spirituele praktyke uit ander kulture te beoefen. Dit sluit in sang en musiek, dans, rituele met spirituele en erotiese strekking. Een uitkoms vereis die skepping van ontwerpe gegrond op “natuurgode” van verskillende kulture.
- **Multikulturaliteit:** Kinders word verplig om veel meer aandag te bestee aan ander kulture as aan hul eie en word ook so geassesseer. Navorsing oor kultuuroordrag (en die kurrikulum self) toon dat kinders dus min van hul eie kultuur sal oorneem en dat ‘n nuwe saamgestelde “Fusion”-kultuur sal ontwikkel.
- **De-individueasie:** Die godsdienstige en kulturele identiteit van kinders sal deur intergeloof en multikulturaliteit verskuif word van diverse godsdienste en kulture na gemeenskaplike identiteite.

Ook die individuele identiteit van kinders sal egter aangetas word deur bevordering van vroeë onafhanklikheid en die wegstroop van die kind se persoonlike en gesinsprivaatheid. Deur blatante sekonderrig en onder andere verpligte intieme danse word ook die kind se fisiese privaatheid afgetakel.

Die effek hiervan is gebrek aan sekuriteit en die ontwikkeling van diffuse persoonlikheid (“multiple and shifting identities”). Baie kinders word afhanklike persoonlikhede wat smag na totalitêre gesagsfigure om mee te identifiseer.

- **Transformasie:** “Transformasie” is ‘n term wat dikwels in die revolusionêre en Marxistiese onderwyspraktyk gebruik word in die plek van die ou woord “revolusie”.

Die gede-individueerde kind is gereed om ‘n “kritiese ingesteldheid” te ontwikkel. Met “kritiese denke” word nie die aanvaarde betekenis van ‘n objektiewe soeke na die waarheid bedoel nie. Hier word bedoel ‘n krampagtige gewoonte om alle gesagsverhoudings in die samelewing af te takel – behalwe totalitêre staatsgesag.

Dit word gemik teen alle burgerlike verhoudinge (wat “magsverhoudinge” genoem word), insluitend verhoudinge in die gesin, geloofsgemeenskappe en kultuurgroepe. Mettertyd, word gehoop, word alle lojaliteit vervang met lojaliteit slegs aan die staat.

- **Ideologiese dwang:** Dwarsdeur die kurrikulum moet amper alle skeppende uitdrukkings van kuns en wetenskap, op eg Stalinistiese wyse, hulde bring aan die ideologiese geselekteerde stel voorgeskrewe waardes. Kinders word verplig om feitlik alle projekte, opstelle, ontledings, ondersoeke en ander werk te vertolk sodat dit hulde bring aan die voorgeskrewe waardeestelsel.

Die goedgekeurde kurrikulum moet vanaf 2004 ingefaseer word. Gauteng dwing egter reeds aspekte daarvan af en daar kan verwag word dat ander provinsies binnekort sal volg. Die afdwing van hierdie kurrikulum is, volgens ‘n wye verskeidenheid gesaghebbende regsmanings, onregmatig. Ouers is volgens die Grondwet verantwoordelik om hul kinders daarteen te beskerm.

## ***Een Nasionale Asseseringproses***

Een nasionale asseseringsproses en -prosedure wat afdwing word op alle staats- en private skole sowel as tuisonderwys sal verseker dat kinders volgens die nasionale kurrikulum opgevoed word.

Die stelsel sluit “bench mark assessments” in Graad 3 en Graad 6 in. Dit sal verseker dat alle kinders op dieselfde wyse geassesseer word.

Dit behels verder die nuwe Basiese Onderwys- en Opleidingsertifikaat (BOOS, of die GETC), wat ‘n nasionale sertifikaat op die vlak van Graad 9 daarstel. Persone wat nie die BOOS verwerf nie, sal nie toegelaat word tot verdere onderwys en opleiding nie.

Die stelsel word gerugsteun deur die nuwe “heelskool-evalueringstelsel”, waar skole deur spanne spesialisinspekteurs ge-“oudit” word. Verskeie provinsies dring onregmatiglik daarop aan om die huise van tuisleerders op soortgelyke wyse te inspekteer. Dit is onwettig, en ouers is volgens die Grondwet daarvoor verantwoordelik om hul kinders te beskerm teen hierdie skending van hul privaatheid.

### ***Een Nasionale Databasis vir Leerderrekords***

Die Nasionale Databasis vir Leerderrekords (NLRD) hou rekord van alle erkende kwalifikasies in die land, alle instellings wat geakkrediteer is om die kwalifikasies te verskaf, en die besonderhede van elke leerder wat kwalifikasies verwerf het wat op die NLRD erken word (<http://www.saqqa.org.za>).

Dit is die bedoeling dat iemand wat nie op die NLRD geregistreer is nie, nie toegang tot geskoolde werk, of tot verdere onderwys of opleiding sal kan verkry nie. Die Nasionale Kurrikulumstelling toon dat die regering registrasie op die NLRD sal weerhou van mense wat weier om die staatsverordende waardestelsel te internaliseer, te bely en uit te leef.

Hierdie stelsel is 'n onregmatige skending van kinders se reg op onderwys. Ouers is volgens die Grondwet verantwoordelik om hul kinders hierteen te beskerm.

### ***Registrasie kan nie meer aanbeveel word nie***

Volgens gesaghebbende regsadvies wat die Pestalozzi Trust ingewin het, is verskeie aspekte van die nuwe onderwysstelsel teenstrydig met die reg en die huidige grondwet. (Kyk die artikel hieronder: ***Hoe kan tuisleerders aan die wet voldoen: Registrasie by die onderwysdepartement***.)

Die Trust steun dus alle wettige pogings om die afdwing van die stelsel te vermy of te verhoed. *Ooreenkomstig regsadvies kan die Trust nie meer aanbeveel dat lede van die Trust ingevolge wetgewing by onderwysowerhede geregistreer word nie.*

---

## **Die Wysigingswet op Onderwyswette van 2002**

Die Wysigingswet op Onderwys van 2002 is op 26 September 2002 deur die Parlement aanvaar.

Privaatskole en tuisonderwys sal nou ook verkeerdelik vereis word om volgens die nuwe Kurrikulum 2005 moet onderrig. Volgens amptenare van die Gauteng Onderwysdepartement sal dit 'n ingrypende uitwerking op privaatskole hê wat eersdaags voelbaar sal word.

Verder sal privaatskole en tuisonderwys nou ook, verkeerdelik, onderwerp word aan dieselfde nasionale assesseringsproses en -prosedure wat op staatskole van toepassing is. Tuisleerders wat

aan die onregmatige eise wil voldoen sal op 'n gereelde basis deur skole geassesseer moet word.

Dit beteken in werklikheid dat privaatskole en tuisonderwys voortaan hanteer sal word asof dit bloot verskillende afleweringstelsels vir staatsonderwys is.

Die Pestalozzi Trust sal die meeste van hierdie maatreëls betwis namens enige lidgesin wat in botsing kom met die onderwysowerheid oor onregmatige eise wat aan hul tuisonderwys gestel word.

# Hoe kan tuisskolers aan die wet voldoen: Registrasie by die onderwysdepartement

## Inleiding

Volgens die navorsing van De Waal (2000) is minder as 15% van tuisskolers by die onderwysdepartement geregistreer. Dit is 'n aanduiding dat daar ernstige probleme ondervind word met die registrasie van tuisskolers by die onderwysdepartement. Onlangse ontwikkelinge in die reg en beleid het die bestaande probleme net vererger.

Waaroor gaan dit eintlik? Sommige van die knelpunte sal in hierdie dokument aangespreek word. Dit is duidelik dat daar belangrike keuses gemaak moet word. Die inligting in hierdie dokument sal u help om die meriete al dan nie van die beskikbare opsies te evalueer.

## Registrasie van tuisleerders

Artikel 51 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 (SASA), maak voorsiening daarvoor dat ouers hul kinders (leerders) vir onderwys tuis kan registreer. Baie onderwysamptenare interpreteer dit as sou dit beteken dat ouers "toestemming" nodig het om hul kinders te onderwys. Dit is natuurlik nie waar nie.

Die wet verhinder ouers nie om hul kinders te onderwys nie – en ingevolge die Grondwet en internasionale reg, mag SASA dit trouens nie doen nie. Dit is waar, ongeag of die kinders skole bywoon of nie, en ongeag of hulle vir tuisonderwys geregistreer is of nie.

Geen ouer kan vervolg word omdat hy 'n kind tuis of elders onderwys nie. 'n Ouer kan slegs vervolg word indien die ouer sonder voldoende rede in gebreke bly om, ten opsigte van 'n kind vir wie se skoolbywoning hy of sy verantwoordelik is, te sorg dat die kind skool bywoon.

## Skoolplig

Elke kind in Suid-Afrika moet tussen die ouderdomme van sewe en vyftien 'n skool bywoon (art 3 van SASA) tensy daar wettige rede is om dit nie te doen nie. As 'n kind nie by 'n skool ingeskryf is nie of nie 'n skool bywoon nie, moet die onderwyshoof eers die saak ondersoek en "toepaslike stappe" doen om die situasie reg te stel. As die ouer nie as gevolg daarvan die kind 'n skool laat bywoon nie, moet die onderwyshoof die verantwoordelike ouer skriftelik in kennis stel dat die kind 'n skool moet bywoon. As die ouer nog steeds nie die kind skool toe stuur nadat behoorlike kennis ontvang is nie, kan die ouer vervolg en gevonnissen word tot 'n maksimum vonnis van ses maande gevangenisstraf per kind of 'n maksimum boete van R10 000 per kind.

## Regmatige versuim en uitsonderings

Soos SASA self aandui, behels versuim om aan die bepalings te voldoen nie outomaties of onder alle omstandighede 'n misdryf nie. SASA verskaf drie uitsonderings op die reël dat ouers moet toesien dat hul kinders skool bywoon:

- a) 'n Kind kan vrygestel word van skoolplig (art 4 SASA). In die praktyk is bepalings soos hierdie in die verlede gebruik vir kinders van wie daar, as gevolg van byvoorbeeld langdurige siekte, ernstige ongeskiktheid of 'n groot afstand van skole af, nie redelikerwys verwag kan word om 'n skool by te woon nie.
- b) 'n Kind kan geregistreer word vir onderwys tuis (art 51 SASA). So 'n kind moet onderwys ontvang wat voldoen aan die minimum vereistes van die kurrikulum en die standaard van onderwys in staatskole. Die ouers moet ook aan sodanige ander redelike vereistes voldoen wat die onderwysdepartement stel.

c) Daar kan “voldoende rede” wees, soos beoog in artikel 3(6)(a) van SASA, dat 'n ouer wat 'n skriftelike kennisgewing van die provinsiale onderwyshoof ontvang het in gebreke bly om 'n kind skool toe te stuur. As enigeen van die drie situasies (a, b of c hierbo) op 'n kind van toepassing is, is die vereiste dat 'n ouer 'n kind skool moet laat bywoon, eenvoudig nie van toepassing nie.

## **Regsbeginsels van toepassing op tuisonderwys**

Daar is dus drie verskillende wyses waarop tuisskolers aan die wet kan voldoen.

### **a) Vrystelling van skoolplig: Die vrystellingsbepaling - Artikel 4**

Die vrystellingsbepaling (a hierbo) word baie selde gebruik, en sal nie hier bespreek word nie.

Dit het egter tot baie verwarring by sekere onderwysdepartemente aanleiding gegee. Amptenare is geneig om te aanvaar dat tuisleerders ingevolge hierdie klousule vrygestel moet word, ten spyte daarvan dat hulle ook geregistreer is. Hierdie aanname is ooglopend gebaseer op 'n foutiewe interpretasie van SASA. Hierdie probleem kom veral voor in KwaZulu-Natal, Oos-Kaap en Limpopo.

### **b) Registrasie vir tuisonderwys: Die registrasiebepaling - Artikel 51**

Ouers moet die behoorlik gemagtigde dokumente bestudeer wat die minimum vereistes van die kurrikulum uiteensit, asook die standaard van onderwys in staatskole en die ander vereistes wat hul provinsiale onderwysdepartement stel. Dan moet hulle besluit of dit in die beste belang van hul kinders is om aan al drie hierdie kriteria te voldoen.

Let op die volgende: Die dokumente wat die kurrikulumvereistes en die onderwysstandaarde tot aan die einde van 2003 spesifiseer, is deur 'n ministeriële komitee ondersoek. Die komitee het gevind dat die dokumente te ingewikkeld is vir die meeste professionele onderwysers om te implementeer. Verder is die standaard van onderwys in staatskole tans nie werklik bekend nie. Dit alles laat ernstige twyfel ontstaan oor die praktiese uitvoerbaarheid, redelikheid en geldigheid van sodanige dokumente.

As 'n ouer van oordeel is dat die gespesifiseerde kriteria (kurrikulum, onderwysstandaard en voorwaardes) in die beste belang van hul kinders is, moet die ouer self by die toepaslike onderwysdepartement aansoek doen vir registrasie van sy of haar kind vir onderwys tuis. In die Vrystaat kan ouers aansoek doen vir registrasie vir tuisonderwys nadat hul tuisonderwys reeds 'n aanvang geneem het. In al die ander provinsies moet registrasie voltooi wees voordat tuisonderwys mag begin. Verskeie provinsies het sluitingsdatums vir die indiening van aansoeke om registrasie.

### **c) Moontlike toepaslikheid van artikel 3(6) – die “voldoende rede”-bepaling**

Ouers wat rede het om te glo dat skoolbywoning, asook onderwys volgens die spesifikasies van artikel 51 (kurrikulumvereistes, onderwysstandaard en ander voorwaardes) in stryd is met die beste belange van hul kinders, kan hul moontlik op die “voldoende rede”-bepaling in artikel 3(6) van SASA beroep.

Artikel 3(6) kan moontlik 'n indirekte wyse daarstel waarop skoolplig wettiglik omseil kan word en tuisonderwys verskaf kan word. As die ouer ingevolge artikel 3(1) van SASA vervolg word omdat hy of sy in gebreke gebly het om 'n kind skool toe te stuur nadat 'n kennisgewing van die onderwysowerhede ontvang is, kan die ouer aanvoer dat daar “voldoende rede” is waarom daar nie aan die kennisgewing gehoor gegee is nie.

Die basis van 'n verdediging ingevolge hierdie bepaling is dat die ouer getuienis kan voorlê dat dit in die kind se beste onderwysbelange is om nie 'n skool by te woon nie. Dit sal vanselfsprekend getuienis noodsaak

oor die aard en kwaliteit van tuisonderwys, asook 'n redelike verduideliking waarom daar nie aansoek gedoen is om registrasie van 'n leerder tuis nie en waarom dit nie verkry is nie.

Soos met ander strafregtelike vervolgings, sal die Staat moet bewys dat die ouer nie "voldoende rede" het om in gebreke te bly om volgens die kennisgewing van die onderwyshef op te tree nie - dit is nie die ouer wat moet bewys dat daar inderdaad "'voldoende rede" was nie. Die ouer sal egter, soos genoem, getuienis moet aanvoer om die redelikheid van sy of haar houding te illustreer.

Die Pestalozzi Trust het regsadvies ingewin oor die nuwe vereistes gespesifiseer in die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV) wat op 31 Mei 2002 in die Staatskoerant afgekondig is. Volgens die advies wat die Trust ingewin het, behoort baie Christene en ander gesinne te kan toon dat die NKV 'n onredelike las op hul kinders plaas ten opsigte van onderwys en dat die Staat nie in staat sal wees om hulle te dwing om hul kinders volgens die NKV te laat opvoed nie. In soverre die NKV ook vereis word vir tuisonderwys, kan dit waarskynlik redelike gronde aan 'n ouer verskaf om 'n kind nie skool toe te stuur nie of om toestemming te vereis om 'n kind tuis te onderwys op grond van die NVK.

### **Kan tuisskoolouers dus die onderwysdepartement ignoreer en doen wat hulle wil?**

Die indruk kan geskep word dat tuisskoolouers wat die "voldoende rede"-bepaling kies die onderwysdepartemente kan ignoreer en net kan doen wat hulle wil. Dit is nie waar nie.

(1) In die eerste plek is "voldoende rede" slegs 'n verweer wanneer ouers strafregtelik aangekla word omdat hulle onwettig in gebreke gebly het om op 'n behoorlike kennisgewing van die onderwysowerhede te reageer om 'n kind skool toe te stuur. Dit kan nie gebruik word om *wettige* eise te omseil wat die Staat aan die kind of die ouers stel nie.

(2) In die tweede plek kan dit gebeur dat gesinne die onaangename ondervinding moet deurmaak om die onderwys van hul kinders in die hof te moet verdedig. Hulle moet dus gereed wees om dit te doen, en getuienis kan inbring dat hul kinders onderwys ontvang het wat in hul beste belange is, en dat hulle as ouers redelik opgetree het.

(3) In die derde plek sal gesinne moet voldoen aan die NVK op so 'n wyse dat dit nie in stryd is met fundamentele regte en met die beste belange van hul kinders nie.

(4) In die laaste plek kan kinders wat buite die amptelike onderwysstelsel onderwys word nie geakkrediteerde kwalifikasies ontvang om die arbeidsmark toe te tree nie of om toegelaat te word tot verdere onderwys nie. Daar is egter 'n paar maniere waarop dit hanteer kan word:

### ***Alternatiewe tot staatskwalifikasies***

a) **Kwalifikasies op volwasse ouderdom.** Sommige gesinne aanvaar dat hul kinders geen kwalifikasies op die "normale" ouderdom sal ontvang nie. Hierdie gesinne beplan om hul kinders eers volwasse te laat word (terwyl hulle 'n goeie geakkrediteerde opvoeding tuis ontvang). Hulle kan die nodige kwalifikasies deur die Basiese Volwassene Onderwysstelsel (ABET - Adult Basic Education system) verkry wanneer en indien hulle dit nodig vind, op 'n ouderdom wanneer hulle volwasse genoeg is om ongewenste elemente in die staatsonderwysstelsel te weerstaan.

b) **Hofbevel vir toegang tot verdere opleiding of arbeidsmark.** Wanneer die onderwysdepartement eksamens soos die BOOS (Graad 9, of GETC) as 'n meganisme gebruik om toegang tot die arbeidsmark of verdere onderwys te beperk, is dit 'n ernstige skending van fundamentele en statutêre regte. Kinders wat deur sulke vereistes benadeel word, kan dus die hof nader om 'n hofbevel te verkry om hulle toegang tot die arbeidsmark of verdere opleiding te verskaf in ooreenstemming met hul bewese vermoëns.

c) **Hofbevel om buitelandse kwalifikasies te erken.** Die Onderwysminister het aangedui dat Suid-Afrikaanse inwoners moontlik nie erkenning sal kry vir buitelandse kwalifikasies nie. So 'n verbod sal ook in 'n hof betwis kan word.

d) **Oorsese kwalifikasies / entrepreneurskap.** Soos sommige kundiges, is baie gesinne van mening dat Suid-Afrikaanse kwalifikasies in elk geval besig is om teen 'n ontstellende tempo hul gesaghebbendheid te verloor, en dat dit binnekort geen aantrekkingskrag meer sal besit óf vir doeleindes van indiensneming óf persoonlike ontwikkeling nie. Sommige van hierdie gesinne beplan om hul kinders oorsee te laat onderwys. Ander het tot die slotsom gekom dat hul kinders baie beter opgelei sal wees as hulle leer om entrepreneurs te word, en 'n besigheid begin - of hulle geakkrediteerde onderwys ontvang of nie.


## Samevatting van moontlike opsies

Daar is gronde waarop die onderwysowerhede daarvan beskuldig kan word dat hulle die onderwysstelsel misbruik as 'n middel tot sosiale ingenieurswese op 'n wyse wat in stryd is met die Handves van Menseregte in die Grondwet. Hierdie optrede van die Staat kan vanselfsprekend in die hof betwis word.

Toepaslike tuisonderwys is een van die wyses waarop die gevolge hiervan omseil kan word, maar gesinne sal voorbereid moet wees op 'n mate van ongemak indien hul kinders "buite die stelsel" onderwys ontvang.

Een van die gevolge is dat hulle hulself moontlik teen strafregtelike vervolging sal moet verdedig, maar baie gesinne sal ook geskikte alternatiewe tot geakkrediteerde staatskwalifikasies moet vind.

***Inligting oor registrasie is slegs vir gebruik deur lede of voornemende lede van die Pestalozzi Trust regsfonds vir tuisonderwys.***



**Pestalozzi Trust** (IT6577/98)  
**die regsfonds vir tuisonderwys**  
**the legal defence fund for home education**

Posbus/ PO Box 12332 Queenswood Pretoria 0121 Tel: (012) 330 1337 Faks/ Fax:  
(012) 331 1018 / (011) 507 5997 E-pos/E-mail: [defensor@pestalozzi.org](mailto:defensor@pestalozzi.org)  
Web: [www.pestalozzi.org](http://www.pestalozzi.org)

***PESTALOZZI TRUST***  
***Moenie sonder ons tuisbly nie***